# Hoofstuk van die dag: Matteus 4

> *Die versoeker het toe gekom en vir Hom gesê: “As U die Seun van God is, sê hierdie klippe moet brood word.” (vers 3)*

Hoekom is dit so erg om aan ’n versoeking toe te gee? Wat is nou so erg daaraan om brood uit klip te maak? Jesus het tog

later brood en vis gemaak om ’n skare te voed. En dis tog nie verkeerd om God blindelings te vertrou nie, sodat jy die moed het om van ’n hoë gebou af te spring nie? Is dit dan nou so danig verkeerd?
Sonde is om jou doel te mis. En dis presies wat die duiwel met sy versoekings in die woestyn wou bereik. Hy wou hê Jesus moet iemand anders wees as dit waarvoor God Hom na die wêreld gestuur het. Daarom fluister hy in Jesus se oor: Jy hoef nie so te sukkel nie! Vir wat? Maak vir jou brood as jy dan honger is! Spring van die tempel se toring af en wys vir almal watter wonderlike superman is jy! Vat ’n kortpad na die troon van die wêreld!
Satan se fluisterstem praat van ’n ander pad as God s’n, en dit laat jou wegdraai van jou roeping, van God se plan vir jou. Pasop!

---


- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom

# Hoofstuk van die dag: Matteus 3

*Ek het op 25 en 26 Desember 2022 Matt 1 en 2 saam met julle gelees, maar toe nie verder gekom nie. Ek wil nou graag die res van die Matteus-Evangelie in die volgende paar weke lees.*

> *Jesus is toe gedoop […] Hy het die Gees van God soos 'n duif sien neerdaal en op Hom kom. Daar was ook 'n stem uit die hemel wat gesê het: "Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My." (vers 16-17)*

Jesus se werk op aarde was nie iets wat Hy alleen gedoen het nie. Die Vader en die Gees was by Hom. Want God drie-enig sit agter ons verlossing en maak ons deel van God se omgee vir die wêreld.
Die merkwaardige is dat Jesus by sy hemelvaart sy kerk beveel om die evangelie aan mense te verkondig en hulle te doop in die Naam van die Vader, Seun en Gees (Matt 28:19). Só word dit wat by Jesus se doop gebeur het, in ons herhaal met ons eie doop: die drie-enige God kom lê beslag op jou lewe as gedoopte en skakel jou in by God se plan met die wêreld.
As ek en jy Jesus se navolgers is, kan ons weet dat ons dit nie alleen doen nie, of selfs (net) onder leiding van die Heilige Gees doen nie. Die drie-enige God is dan daar om ons te help, te lei, te beskerm, te ondersteun, te seën, te

gebruik.
Dit maak my baie opgewonde!

---


- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video's en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom
  - My boeke
  - Privaatheidsbeleid
  - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
  - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek


# Hoofstuk van die dag: Matteus

# 2

> *Hulle het […] die Kindjie […] gesien, en hulle het gekniel en aan Hom hulde bewys. Daarna het hulle hulle reissakke oopgemaak en vir Hom geskenke uitgehaal … (vers 11)*

Matteus wil hê ons moet raaksien dat ook mense uit heidennasies gekom het om die Verlosser te aanbid, want Jesus het gekom, nie net vir die Jode van sy tyd nie, maar vir die ganse mensdom van alle volke en tale en kulture.
Die mense – Herodes, die skrifgeleerdes, die priesterhoofde, die sterrekykers – moes almal 'n keuse maak oor wat om met Jesus te doen. Want met Jesus kan jy nie neutraal staan nie. Jy móét kant kies, vir Hom óf teen Hom. Óf jy bring aan Hom hulde en aanbid Hom, óf jy verwerp Hom. 'n Middeweg is daar nie.
Jesus se koms na die wêreld stel ook óns voor 'n keuse: wat maak jy met Jesus? Is Hy jou koning, of is daar ander oorwegings, en jou eie koninkrykie, wat prioriteit in jou lewe geniet?
Dalk moet 'n mens nie dié vraag so reguit antwoord nie, want ons weet mos wat die antwoord behoort te wees. Miskien moet ons kyk hoe ons Kersfeesviering lyk, want daaruit sal ons die antwoord op die vraag duideliker kry.

---


- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien

# Hoofstuk van die dag: Matteus 1

> *Salmon was die vader van Boas by Ragab, Boas van Obed by Rut, Obed van Isai; Isai was die vader van koning Dawid. Dawid was die vader van Salomo by die vrou van Urija … (vers 5-6)*

Dit is baie opvallend dat Matteus naas Maria nog 4 ander vroue ook in die geslagsregister van Jesus Christus noem: Tamar (vers 3); Ragab (vers 5); Rut (vers 5) en Batseba (vers 6). Dit is totaal vreemd en ongehoord as ons na die Joodse tradisies van destyds kyk. Slegs mans is in geslagsregisters genoem. Wat verder opval, is dat dit nie die vroue is wat ons in die geslagsregister sou verwag nie. Tamar het haar eie skoonpa verlei (Gen 38); Ragab was ’n prostituut (Jos 2); Rut was ’n gehate Moabiet; en Batseba en Dawid … (2 Sam 11).

Met hulle insluiting in die geslagsregister vertel Matteus dat die vrou nuwe waarde in Jesus se wêreld het. Hy wil ook sê dat nie-Israeliete óók in God se hart plek het (net Batseba was 'n gebore Israeliet). Nie jou herkoms nie, maar jou geloof maak die verskil. Verder: God oordeel anders as ons. Hy kies dikwels die geringes en eenvoudiges (soos Maria). Al vier hierde vroue sal vir ons 'n eie verhaal van smart en seer kan vertel. Die sonde is magtig, maar God is magtiger.
Uit hierdie geslagslyn word Jesus gebore, want Hy is waarlik Immanuel, God met ons!

*Geseënde Kersfees!*

---

- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video's en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom
  - My boeke
  - Privaatheidsbeleid
  - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
  - Bankbesonderhede

# Hoofstuk van die dag: Matteus 28

> *Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid, hoewel party getwyfel het. (vers 17)*

Matteus 28 sluit waar Jesus sy dissipels groet voor Hy terug hemel toe is. Hulle staan in aanbidding voor Hom – maar party van hulle twyfel (vers 17)! En asof die twyfel nie genoeg is nie, verstaan hulle nóú nog nie God se plan nie. Hulle droom steeds politieke drome, van die koninkryk van Israel, bevry van die Romeinse oorheersing (Hand 1:6).
Vir dié groepie dissipels moet Jesus groet, en vra dat hulle sy taak op aarde voortsit. Húlle moet die hele wêreld ingaan en die mense Jesus se dissipels maak. 'n Mens kan dit amper nie glo nie. Hoe kan Jesus dink dié treurige klompie kan sy taak voortsit?
Dis hoe mense dink. Maar dis nie hoe God dink nie! Hy sien nie 'n groepie beteuterde en twyfelende mense bymekaar nie. Want Hy weet hoe hulle getroue, bruikbare werktuie in sy hand gaan word, hoe hulle gaan verander as Hy hulle met sy Gees aanraak. Hoe sê Jesus nou weer? "En onthou, Ek is by julle …" (vers 28).
God soek nie noodwendig geloofsreuse nie. Hy soek mense wat sy stem gehoor het en bereid is om te reageer. Hy soek jóú!

Naskrif: Ons begin môre met die boek Rigters.

# Hoofstuk van die dag: Matteus 27

> *Judas het toe die geld in die tempel in gegooi, weggeloop en homself gaan ophang. (vers 5)*

Judas is ’n verskriklike waarskuwing aan ons elkeen. Judas het

immers tot Jesus se dissipelkring behoort, hy was een van sy vertrouelinge. En tog het hy verlore gegaan, omdat hy nie aan die Here Jesus vasgehou het nie, omdat hy sy eie pad wou loop en die Here nie regtig gevolg het nie. Hy wou eerder dat die Here maak soos hý wou hê.
Hierin lê 'n waarskuwing vir ons elkeen. Die feit dat jy gedoop is, die feit dat jy lidmaat van die kerk is, dié feit alleen is nog nie genoeg nie – jy moet die Here volg. Jy is nie jou eie baas nie. Jesus is Koning van jou lewe.
Judas was spyt oor sy sonde (vers 3), maar hy draai nie met sy skuld na die Here nie. Sy sonde dryf hom tot selfmoord. Dis wat sonde aan 'n mens doen.
Judas moes met sy skuld na Christus gevlug het. Dis wat Petrus gedoen het (Joh 21:15ev). Kom ons doen dit opnuut vandag. Sy bloed reinig ook vir jóú van elke sonde (1 Joh 1:9).

## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026